Chinatown daddy

my pa se strength lê in sy sophisticated use van tone en projeksie
die way wit mans hulle suit baadjies se middelknoop vasmaak
wanneer hulle opstaan agter hulle desks en besluit hulle gaan
nou nie meer verder die detective se vrae antwoord nie
my pa se style kry hy in Blaxploitation films
en die invisible stature van ’n tronk gangster

my pa volg die leftovers
van die wit man se toxic masculinity
hy is trauma se experimental phase
sy legacy gaan wees: die mistress van wit manlikheid
die always a bridesmaid vir die bride van wit patriarchy
sy oë bly sad asof die juffrou sy punte in die klas uitgelees het

my pa is soos ’n Roman Polanski
omring met ou mans wat jong bloed ruik
draai ek om en vra et tu Dad?
sy favourite plek om na toe te gaan is Chinatown
want hy relate aan die fake wealth die shiny kak
wat jou oë brand en die reuk van uselessness